

Vrydag 15 Maart

Skrifgedeelte: Josua 12:1-24

Fokusgedeelte: Josua 12:6-7

Die oorwinning behoort aan die HERE!

In Josua 12 word daar vir ons 'n oorsig gegee oor die oorwinnings van die vyandige konings oos en wes van die Jordaan, sodat Israel die beloofde land Kanaän in besit kan neem.

Die eerste ses verse beskryf aan ons die oorwinnings wat Moses, dienaar van die Here, oor koning Sihon van die Amoriëte en koning Og van Basan (oos van die Jordaan) behaal het – ons lees in detail hiervan in Numeri 21:21-35. Verse 7-24 beskryf weer aan ons die oorwinnings wat Josua, opvolger van Moses en dienaar van die Here, aan die westekant van die Jordaan behaal het.

Die Here wat sy woord gestand doen, het gesorg dat alle vyandige konings en magte uit die weg geruim word vir sy volk om die beloofde land in besit te neem. Op die oog af wil hoofstuk 12 van die boek Josua as 'n verskriklike wrede hoofstuk in die Bybel voorkom (dink ook maar aan die boek Rigters). Om al hierdie vyandige konings en volke uit die weg te ruim, het 'n hele paar veldslae en geweldige bloedvergieting beteken. Gewoonlik is 'n koning en al sy mense om die lewe gebring (vgl. Num. 21:35).

Ons moet egter in gedagte hou dat hierdie konings en volke almal heidene en vyandiggesind teen die volk van die Here was. Koning Sihon het Israel byvoorbeeld verbied om deur sy gebied te trek (vgl. Num. 21:23). God was dus ook besig om die beloofde land van heidense invloed te reinig, sodat sy volk heilig voor Hom kan lewe. Ons weet immers dat Israel maar 'n swak plek vir die heidense afgode gehad het.

Nou weet ons egter ook van die swak plek van die sonde in ons eie lewe. Genadiglik het God sy beloftewoord gestand gedoen en die Koning van alle konings na die wêreld gestuur om die sonde in ons lewe te oorwin. *“In al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet”* (Rom. 8:37).

Sing: Psalm 110-3: 1, 2, 3

Ds. W Jobse (Wilhan) (Jeffreysbaai)